




Muisie stap saam

BENODIGDHEDE: Pinguin Golden Age drie- of vierdraadgaring (50-g-bolle): 50 g is genoeg vir 4 paar steweltjies; breinaalde van 5 mm; hekelpen van 3 mm; vir 1 paar steweltjies: 4 swart knope vir ogies, en 2 rooi knope vir neus; 'n stuk donker garing vir snorbaard.

MATE: Om 'n baba van 3 tot 9 maande te pas.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; oorbl - oorblywende; vlg - volgende; grtgso - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; tes - tesame; beg - begin; pat - patroon; rif - riffelsteek; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; op-1 - brei een steek regs in lus wat tussen volgende twee steke van vorige ry lê; VK - verkeerde kant; RK - regte kant.

Hekel: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen.

AANWYSINGS: Stel 21 ste met 5-mm-breinaalde en dubbelgaring op. Brei 10 ste r1-, aw2-rif, 1 st vir sool (wat tot 7 ste vermeer word), en 10 ste r1-, aw2-rif. Brei

voort soos volg:

1e ry: (VK) (aw1, r2) 3 keer, aw1, r1, aw1, (r2, aw1) 3 keer.

2e ry: (RK) (r1, aw2) 3 keer, r1, op-1, r1, op-1, r1, (aw2, r1) 3 keer.

3e ry: (aw1, r2) 3 keer, aw1, r3, aw1, (r2, aw1) 3 keer.

4e ry: (r1, aw2) 3 keer, r1, op-1, r3, op-1, r1, (aw2, r1) 3 keer.

5e ry: (aw1, r2) 3 keer, aw1, r5, aw1, (r2, aw1) 3 keer.

6e ry: (r1, aw2) 3 keer, r1, op-1, r5, op-1, r1, (aw2, r1) 3 keer — 27 ste.

7e ry: (aw1, r2) 3 keer, aw1, r7, aw1, (r2, aw1) 3 keer.

8e ry: (r1, aw2) 3 keer, r9, (aw2, r1) 3 keer.

Herh laaste 2 rye 2 keer, en dan 7e ry een keer — 13 rye voltooi.

Wreefvorming: Heg 3 ste aan beg van vlg 2 rye af.

Brei nog 6 rye soos gestel — 21 rye.

22e ry: (RK) (grtgso, aw1) 2 keer, r9, (r2tes, aw1) 2 keer — 17 ste.

23e ry: (aw1, r1) 2 keer, aw1, r7, aw1, (r1, aw1) 2 keer.

24e ry: (r1, aw1) 2 keer, grtgso, r5, r2tes, (aw1, r1) 2 keer.

25e ry: (aw1, r1) 2 keer, aw1, r5, aw1, (r1, aw1) 2 keer.

26e ry: (r1, aw1) 2 keer, grtgso, r3, r2tes, (aw1, r1) 2 keer — 13 ste bly oor.

27e ry: (aw1, r1) 2 keer, aw1, r3, aw1, (r1, aw1) 2 keer.

28e ry: r1 (aw1, r1) 6 keer; knip garing af maar laat 'n stuk van 20-cm-lengte om deur ste op breinaald te ryg. Trek styf vas en maas naat netjies toe.

ORE: Met enkelgaring en 3-mm-hekelpen, hekel 6ks en draai.

1e ry: 1kb in tweede ks vanaf hekelpen, 1h1b in 3e ks, 1lb in daaropvlg 2ks, 6lb in 6e ks, hekel weer terug in dieselfde ks soos volg: 1lb in vlg 2ks, 1h1b in vlg en 1kb in laaste ks, draai.

2e ry: 1kb in kb, 1h1b in h1b, 1b in 2lb, 2lb in elk van vlg 6lb, 1b in 2lb, 1h1b in h1b en kb in kb. Werk af.

AFWERKING: Werk ore aan steweltjies vas soos op foto aangedui. Werk knope aan om oë en neus voor te stel. Werk snorbaard aan.